SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 10

# NOVEMBER 2017

# EKONOMIE V1 NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

-

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGE-KEUSE VRAE

1.1.1 C ✓✓ Markekonomie
1.1.2 B ✓✓ Verwys na die waarde van die volgende beste alternatief wat opgeoffer is
1.1.3 C ✓✓ BNI
1.1.4 D ✓✓ Negatiewe ekonomiese groei
1.1.5 A ✓✓ Gilde
1.1.6 B ✓✓ Konstruksie
1.1.7 D ✓✓ Die verskil tussen die geboortekoers en die sterftekoers in ’n land
1.1.8 C ✓✓ Vrugbaarheidskoers (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D ✓ Gebruik om teorieë te verduidelik en voorspellings te maak

1.2.2 A ✓ Goedere wat volop is en geen prys behaal nie

1.2.3 E ✓ Wanneer intermediêre produkte bygetel word by finale goedere

1.2.4 B ✓ Verwys na die op en af van ekonomiese aktiwiteit in die ekonomie

1.2.5 C ✓ Die wêreldwye integrasie van markte en produksie

1.2.6 G ✓ Gelyke deelname deur almal

1.2.7 I ✓ Bestaan uit mense tussen die ouderdomme van 15 en 64 wie nie werk nie en aktief werk soek

1.2.8 F ✓ ’n Plek waar kopers en verkopers ontmoet (8 x 1) (8)

### 1.3 EEN-WOORD ITEMS

1.3.1 Loopbaan ✓

1.3.2 Arbeid ✓

1.3.3 Piek ✓

1.3.4 Ruilhandel ✓

1.3.5 Geslote ekonomie ✓

1.3.6 Verstedeliking ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE soorte verbruikersgoedere.**

- Duursame goedere ✓
- Semi-duursame goedere ✓
- Nie-duursame goedere ✓
- Dienste ✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe sal die neem van Wiskunde op skool jou help as jy ’n ekonoom wil word?**

- Wiskundige berekeninge word in die ekonomie gebruik om dinge soos die bevolkingsgroeikoers te bepaal ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die fase in die sakesiklus asook ’n ekonomiese aktiwiteit uit bostaande spotprent.**

Herstelfase ✓ en werkloos ✓ (2)

2.2.2 **Hoekom dink jy sal ‘werkloos’ nie tot ’n ekonomiese ‘opstyg’ lei nie?**

- Daar is ’n hoë persentasie van werklose mense in Suid-Afrika ✓ ✓
  (Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (2)

2.2.3 **Na watter sakesiklusaanwyser verwys ‘werkloos’?**

- Samevallende ✓✓ (2)

2.2.4 **Hoe sal jy die herstelfase van ’n tipiese sakesiklus beskryf?**

- Uitvoere sal begin toeneem, wat sal lei tot ’n toename in produksie ✓✓
- Hulle begin ’n paar nuwe werkers aanstel en bestel grondstowwe ✓✓
- Hulle mag self meer lenings uitneem by finansiële instellings ✓✓
- Ekonomiese aktiwiteite in die land begin stadig toeneem ✓✓
  (Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Watter sektor het die meeste bygedra in 2015?**

- Tersiêre sektor ✓ (1)

2.3.2 **Watter berekeningsmetode is gebruik in bostaande tabel om die Bruto Binnelandse Produk te bereken?**

- Bruto Toegevoegde Waarde metode ✓ (1)

2.3.3 **Benoem die ontbrekende items B en C.**

**B** = PLUS belasting op produkte; ✓ of **+** belasting op produkte
**C** = MINUS subsidies op produkte; ✓ of **-** subsidies op produkte (2)

2.3.4 **Verduidelik die begrip *Bruto Binnelandse Produk*.**

Dit meet die waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n land geproduseer word, binne 'n spesifieke tydperk, gewoonlik 'n jaar ✓✓ (2)

2.3.5 **Bereken die BBP soos voorgestel deur D.**

| | |
|---|---|
| Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse | **3 589 812** ✓ |
| + Belasting op produkte | 438 785 ✓ |
| **-** subsidies op produkte | 15 005 ✓ |
| = Bruto binnelandse produk teen markpryse | **4 013 592** ✓ |

(4)

2.4 **Onderskei tussen *leidende* en *sloerende ekonomiese aanwysers*.**

- **Leidende ekonomiese aanwysers** is aanwysers wat verander voordat die ekonomie verander ✓✓
  **Leidende ekonomiese aanwysers** is die belangrikste soort aanwyser vir beleggers omdat dit help voorspel hoe die ekonomie in die toekoms sal wees ✓✓
- **Sloerende ekonomiese aanwysers** is aanwysers wat rigting verander eers nadat die ekonomie dit gedoen het ✓✓
  Die werkloosheidskoers is 'n sloerende ekonomiese aanwyser, want werkloosheid neig om te daal vir twee of drie kwartale, nadat die ekonomie begin verbeter het ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 2 x 4) (8)

2.5 **Wat is moontlike oplossings om omgewingsprobleme te verminder?**

- **Groen belasting** ✓
  - Regering kan belasting instel op die produksie van goedere en op die mate waarin hulle die omgewing beïnvloed ✓✓
  - Produsente sal hulle besoedeling moet verminder om seker te maak dat hulle produksiekoste laag gehou word ✓✓

- **Regeringsoptrede** ✓
  - Regerings regoor die wêreld begin maatreëls in plek kry om die hoeveelheid besoedeling in hulle lande te stop of te verminder ✓✓

- **Openbare optrede** ✓
  - Soos meer mense bewus raak van die skade aan die omgewing, neem hulle stappe en neem deel aan programme om te help om die skade te herstel en om die omgewing om hulle te verbeter ✓✓

- **Nuwe tegnologie** ✓
  - Skoner en veiliger tegnologie word ontwikkel met die omgewing in gedagte ✓✓
  - Minder afvalprodukte, dalende afhanklikheid van fossielbrandstowwe en 'n vraag by produsente na doeltreffende en omgewingsveilige tegnologie lei tot die ontstaan van nuwe produkte en omgewingsveilige masjinerie ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE BRICS-lande.**

- Brasilië ✓
- Rusland ✓
- Indië ✓
- China ✓
- Suid-Afrika ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Wat is *Multi-nasionale Ondernemings*?**

- Baie groot korporasies met bande regoor die wêreld ✓✓ (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer enige TWEE hoofmoordenaars in Afrika.**

- Vigs ✓
- Oorlog ✓
- Malaria ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.2.2 **Waarvoor staan die akroniem Vigs?**

- Verworwe immuniteitsgebreksindroom ✓✓ (2)

3.2.3 **Watter land het die hoogste MIV/Vigs koers in Afrika?**

- Suid-Afrika ✓✓ (2)

3.2.4 **Wat is die impak van MIV/Vigs op die bevolkingstruktuur?**

- Vigs veroorsaak hoofsaaklik dat sterftes in die volwasse ouderdomsgroep toeneem, wat gewoonlik die laagste sterftekoers het ✓✓
- Die piekouderdom van Vigs-sterftes is pas vyf tot tien jaar later ✓✓
- Gemiddelde lewensverwagting word grootliks beïnvloed deur MIV/Vigs omdat sterftes onder jong volwassenes, kinders en babas lei tot ’n groot aantal lewensjare wat verlore gaan ✓✓
- Een van die ergste gevolge van Vigs is dat ’n groot aantal kinders wees gelaat word omdat beide ouers sterf a.g.v. Vigs ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer TWEE sektore uit bogenoemde tabel.**

- Privaatsektor ✓
- Openbare sektor ✓ (2 x 1) (2)

3.3.2 **Omskryf die begrip *vakbonde*.**

- Organisasies van werkers wat daarna streef om lone en werksomstandighede te verbeter ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 **Gee en verduidelik EEN rede waarom werkers sal verkies om aan 'n vakbond te behoort soos uit die tabel blyk.**

- Soos aangetoon in die tabel, beskik alle vakbondlede in die openbare sektor oor 'n geskrewe kontrak ✓✓
- Die tabel toon ook dat 97,8% van unie-werkers sê dat hulle betaaldeverlof-voordele ontvang ✓✓
- Soos getoon in die tabel, het 96,5% van werkers 'n permanente kontrak ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

3.3.4 **Waarkom is vakbonde belangrik in Suid-Afrika?**

- Hulle onderhandel vir verbeterde lone en werksomstandighede vir hulle lede ✓✓
- Hulle reguleer die verhoudings tussen werkers en werkgewers ✓✓
- Hulle beskerm hul lede se werksekerheid ✓✓
- Hulle bevorder hulle lede se opleiding en onderwys ✓✓
- Hulle dien as 'n politieke forum vir werkers ✓✓
- Hulle het bygedra tot die stigting van 'n nuwe regering ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 **Omskryf die ontwikkeling van markte en handel in die vroeë gemeenskappe.**

- Soos wat produksie toegeneem het, was daar 'n behoefte aan meer afsetplekke ✓✓
- Weeklikse markte is gehou op dorpspleine en langs die kaaie ✓✓
- Streekhandelsfeeste is gehou; dit is groter markte waar produkte van 'n wye gebied verkoop is en ander ontspanning aangebied is ✓✓
- Handelaars het na vore gekom wat kopers en verkopers in verskillende gemeenskappe en streke bymekaargebring het ✓✓
- Gespesialiseerde markte het in baie dele van die wêreld ontstaan, soos gebiede wat spesialiseer in sy, speserye, fynhout en leerprodukte ✓✓

(Enige 4 x 2)

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.) (8)

3.5 **Gee jou opinie oor die impak van immigrasie en vlugtelinge op die bevolking van Suid-Afrika.**

- Immigrasie van geskoolde mense spreek die vraag na skaars vaardighede en kundigheid aan ✓✓
- Konflik rakende migrerende arbeiders wat werk van SA-burgers wegneem, het onlangs begin kop uitsteek ✓✓
- Groot invloei van onwettige immigrante verhoog SA se bevolking, wat lei tot ’n styging in die regering se finansiële las ✓✓
- Onwettige immigrante en vlugtelinge het bygedra tot die ontwikkeling van informele sektore ✓✓
- Invloei dra by tot druk op die regering om onderwys en basiese gesondheidsdienste te verskaf ✓✓ (Enige 4 x 2)

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

4.1 4.1.1 **Noem TWEE soorte verbruik.**

- Onmiddellike verbruik ✓
- Uitgestelde verbruik ✓ (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Wat is *immigrasie*?**

- Buitelanders wat die lande binnekom op ’n permanente basis ✓✓

(Enige 1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer TWEE mineraalneerslae uit die uittreksel.**

- Platinum ✓
- Uraan ✓ (2 x 1) (2)

4.2.2 **Omskryf die begrip *skaarsheid*.**

- Skaarsheid bestaan a.g.v. beperkte hulpbronne waarmee onbeperkte behoeftes bevredig moet word ✓✓ (2)

4.2.3 **Haal uit die uittreksel aan om te bewys dat daar beperkte produksiefaktore in hierdie land is.**

- Die land het ’n tekort aan geskoolde arbeid ✓ en kapitaal ✓ (2)

4.2.4 **Hoe raak *absolute* en *relatiewe skaarsheid* die ekonomie van ontwikkelende lande?**

- A.g.v. absolute skaarsheid, het ontwikkelende lande onvoldoende hulpbronne en is daarom nie in staat om goedere en dienste te produseer nie ✓✓
- Bv. volgens die scenario, het die land 'n absolute skaarsheid aan water en sal hulle nie aan die basiese behoeftes van hul inwoners kan voorsien nie ✓
- Die relatiewe skaarsheid van die land verwys na die feit dat die land nie oor die nodige vaardighede en kapitaal beskik nie ✓✓
- Hulle kan nie platinum- of uraanneerslae ontgin nie, so geen werk kan geskep word nie, geen salarisse word betaal nie en die land kan nie vooruitgaan nie ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord.) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Gee die syfers vir werkende en werklose mense gedurende die laaste kwartaal van 2016.**

- Die syfer vir werkende mense is 16 069 ✓ en vir werklose mense is dit 5 781 ✓ (2)

4.3.2 **Verduidelik die begrip *Nie Ekonomies Aktief*.**

- Verwys na daardie mense wat nie werk soek nie (ontmoedigde werksoekers) ✓✓ (2)

4.3.3 **Watter neiging neem in die tabel waar by die werkende arbeidsmagbevolking?**

- Die werkende-ouderdom bevolking het stewig gegroei vanaf die 1$^{ste}$ kwartaal 2016 tot die 1$^{ste}$ kwartaal van 2017 ✓✓
- Opwaartse neiging ✓✓ (2)

4.3.4 **Bereken die werkloosheidskoers vir die 1$^{ste}$ kwartaal van 2017.**

$\frac{Werklose}{Arbeidsmag}$ x 100 ✓

$\frac{6\ 214}{22\ 426}$ x 100 ✓

= 27,7% ✓ ✓ (4)

4.4 **Vergelyk *vrye goedere* en *ekonomiese goedere* in die ekonomie.**

| EKONOMIESE GOEDERE | VRYE GOEDERE |
|---|---|
| Hulle is skaars ✓✓ | Hulle is volop ✓✓ |
| Hulle het nut en ruilwaarde ✓✓ | Hulle het nut, maar nie ruilwaarde nie ✓✓ |
| Hulle toon welvaart van mense aan ✓✓ | Hulle toon nie welvaart van mense aan nie ✓✓ |
| Hulle eis 'n prys wat ons betaal ✓✓ | Hulle eis nie 'n prys nie ✓✓ |
| Hulle behoort aan iemand ✓✓ | Hulle behoort nie aan iemand nie ✓✓ |
| (Enige 2 x 2) | (Enige 2 x 2) |

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (8)

4.5 **Hoe het landhere hul rykdom in antieke tye gebruik?**

- Die permanente nedersettings van boere en die groeiende ekonomiese surplus het gelei tot die eerste klasseverdeling in gemeenskappe ✓✓
- Verskillende mense het nou verskillende ekonomiese rolle vervul, afhangende van hulle status. Byvoorbeeld, suksesvolle boere het landhere geraak wat groot stukke grond, bekend as landgoedere ('manors'), besit het ✓✓
- Kleinboere is toegelaat om op die grond wat aan landhere of lede van die koninklikes behoort het, te bly ✓✓
- Kleinboere kon hulleself en hulle gesinne onderhou, maar moes die meeste van hulle jaarlikse surplus-produksie aan die landheer oorbetaal ✓✓
- Landhere het dan hierdie surplusse aangewend om hulle rykdom te bou en hulle mag te versterk✓✓
- Hulle het hierdie rykdom gebruik om hulle luukse verbruik te finansier, kastele te bou, te betaal vir die werk van vakmanne en om oorloë te finansier ✓✓
- In ruil, is kleinboere deur landhere beskerm (Enige 4 x 2)

(Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord **EEN** van die twee vrae in hierdie afdeling.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>**Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ lae-orde respons:<br>• ŉ Goeie begin sou wees om ŉ definisie te gee van ŉ konsep of sleutelwoord wat in die vraag voorkom<br>• Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding gebruik nie<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud herhaal nie<br>• Poog sover moontlik om nie in die inleiding te noem wat in die inhoud bespreek gaan word nie | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek / Bespreek krities/ Ontleed/Vergelyk/ Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik / Assesseer/Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/ Stel voor | Maks. 26<br><br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br><br>Enige toepaslike hoër-orde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort opsomming van dit wat bespreek/ontleed is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• ŉ Mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

## VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

*Die ekonomie bestaan uit 'n baie komplekse web van 'n groot aantal verskillende aktiwiteite wat deur miljoene mense onderneem word.*

- Bespreek die rol wat elke deelnemer in 'n oop ekonomiese kringloopmodel speel. (26)

- Wat is die uitwerking van 'n ekonomiese afswaai op die deelnemers aan die ekonomie? (10)

**INLEIDING**

'n Kringloop is 'n diagram wat die vloei van goedere, dienste, produksiefaktore, inkome en besteding, en die verhouding tussen die deelnemers aan die ekonomie, aantoon ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike inleiding) (Maks 2) (2)

**INHOUD**

**HOOFGEDEELTE**

➢ **HUISHOUDINGS/VERBRUIKERS** ✓
- Hulle is die primêre deelnemers aan die ekonomie ✓✓
- Hulle bied produksiefaktore aan beide produsente en regering ✓✓
- In ruil kry hulle vergoeding in die vorm van lone en salarisse ✓✓
- Gebruik hulle inkome om goedere en dienste te koop van produsente ✓✓
- Betaal belasting aan die regering ✓✓

➢ **PRODUSENTE/BESIGHEDE/ONDERNEMINGS** ✓
- Gebruik produksiefaktore om goedere en dienste te produseer ✓✓
- Verkoop goedere en dienste aan verbruikers, regering en buitelandse sektor ✓✓
- Kry geld van ander deelnemers vir goedere en dienste ✓✓
- Betaal belasting aan die regering ✓✓

➢ **REGERING/ STAAT** ✓
- Lewer openbare dienste tot voordeel van al die ander deelnemers ✓✓
- Vorder belasting in van huishoudings en besighede ✓✓

➢ **BUITELANDSE SEKTOR** ✓
- Produseer goedere en dienste ✓✓
- Verkoop (voer uit) surplusse na ander lande ✓✓
- Koop (voer in) goedere en dienste uit ander lande ✓✓

  (Aanvaar enige ander toepaslike antwoord) (Maks. 26) (26)

Kopiereg voorbehou 

## ADDISIONELE GEDEELTE

**Wat is die uitwerking van ’n ekonomiese afswaai op die deelnemers aan die ekonomie?**

- **Besighede** sal minder goedere en dienste begin produseer ✓✓
- **Huishoudings** sal hulle werk verloor ✓✓
  - Daar sal minder verbruik van goedere en dienste deur huishoudings wees ✓✓
- **Die regering** se inkome uit belastings sal afneem ✓✓
  - Die regering sal meer openbare goedere en dienste moet verskaf ✓✓
- Uitvoere deur die **buitelandse sektor** sal afneem a.g.v. die daling in produksie ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike definisie) (Maks.10)

## SLOT

Terwyl die kringloop ’n vereenvoudiging van die realiteit is, is die verstaan van die reële vloei en geldvloei wat onder hierdie omstandighede plaasvind, ’n belangrike fondasie om komplekse ekonomieë te verstaan ✓✓

(Aanvaar enige ander toepaslike slot) Maks. 2 (2)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**

*Die grootte van 'n land se bevolking speel 'n enorme rol in die ekonomie en dit is belangrik dat mense gereeld getel moet word, byvoorbeeld elke vyf jaar.*

Bespreek, in detail, die fases in die demografiese siklus onder die volgende opskrifte:

- Die hoë stilstaande fase
- Die vroeë uitbreidingsfase (26)

Hoe sal jy 'n sentraalbeplande ekonomie beskryf? (10)

**INLEIDING**

Die demografiese model toon tendense van hoe 'n nasie se groeikoerse oor tyd verander ✓✓
(Aanvaar enige ander toepaslike definisie) (Maks. 2) (2)

**INHOUD**

**HOOFGEDEELTE**

**Fase 1: Die hoë stilstaande fase**

- Geboorte- en sterftekoerse in hierdie fase is baie hoog ✓✓
- Groei is baie stadig en fluktueer met 'n baie jong bevolking ✓✓
- Die gemeenskap is arm; daarom is daar geen gesinsbeplanning en 'n gebrek aan mediese sorg ✓✓
- Kinders word gesien as ekonomiese bates ✓✓
- Hierdie fase word gekenmerk deur 'n natuur gebonde ekonomie, wat fokus op eenvoudige landbou en lae vlak handearbeid produksie ✓✓
- Voorbeelde van lande in hierdie fase is Tibet ✓ en Ethiopia ✓

**Fase 2: Die vroeë uitbreidende fase**

- Die geboortekoers bly hoog en die sterftekoers daal ✓✓
- Bevolkingsgroei styg redelik, omdat geboortebeperking en gesinsbeplanning nie toegepas word nie ✓✓
- Lewensomstandighede verbeter en mense leef tot 'n hoër ouderdom ✓✓
- **Redes vir dalende sterftekoers:**
  - Verbeterde produksie en boerdery metodes, vervoer en stoor van voedsel ✓
  - Openbare gesondheidsdienste (bv. inenting teen pokke) ✓
  - Mediese wetenskappe, gesondheidsbewustheid ✓
  - Onderwys (loods van verskeie nasionale programme, bv. Vigs) ✓
  - Verbeterde higiëne (bv. kook van drinkwater) en sanitasie ✓
- Die natuurlike groeikoers is hoër gedurende hierdie fase soos die gaping tussen lewe en dood verder uitmekaar raak ✓✓
- Die gemiddelde ouderdom van die bevolking is laer ✓✓
- Lande is dig bevolk (verstedelik) ✓✓
- Voorbeelde van lande in hierdie fase is Turkye ✓ en Meksiko ✓ (Maks. 26) (26)

Kopiereg voorbehou 

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Hoe sal jy ’n sentraal-beplande ekonomie omskryf?**

- Alle produksiefaktore en eiendom word deur die staat besit✓✓
- Kapitaal hulpbronne word deur die staat besit ✓✓
- Die gemeenskap as ’n geheel neem ekonomiese besluite ✓✓
- Die staat beplan en reël hoe produksiefaktore gebruik moet word✓✓
- Alle ekonomiese aktiwiteite word sentraal beplan ✓✓
- Die prys van goedere en dienste word deur die staat gereguleer ✓✓
- Verbruikers het min keuse oor waar om inkopies te doen – alles word deur die staat geproduseer ✓✓
- Mense het min persoonlike vryheid ✓✓
- Mense het geen keuse watter werk of by wie hulle wil werk nie ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante respons) (Maks. 10) (10)

**SLOT**

Hierdie model kan gebruik word om te voorspel hoe dinge in ’n land dalk mag verander in die toekoms ✓✓
(Aanvaar enige ander slot) (Maks. 2) (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou